e-Hervormer

Weeklikse nuusbrief met kommunikasie en kommentaar

21 Oktober 2010
Jaargang 3 – Uitgawe 36

In hierdie uitgawe

- Voorblad
- Beroepe en standplase
- Predikante en gemeentes
- Ander nuus
- Advertensies
- Agterblad

Teken in op *e-Hervormer* en ontvang elke uitgawe gratis per e-pos!

- Besoek die webwerf by **www.hervormer.co.za** en kliek op die "Teken in"-opsie; of
- stuur 'n e-pos aan **karen@nhk.co.za**

Stuur 'n e-pos met nuus en berigte aan die redaksie by **produksie@nhk.co.za**

Stuur kommentaar oor die inhoud aan **gespreksforum@nhk.co.za**

VOORBLAD

Tyd vir bekering?

Die gemeente is die draer en beskermer van die waarheid.
(Lees 1 Timoteus 3: 15-16)

1 Timoteus, wat as handleiding gedien het vir dienaars van die Woord met die draai van die eerste eeu, verduidelik hoe lidmate hulleself moet gedra *in die huis van God*. Die tempel word metafoor vir die gemeente. By húlle is God teenwoordig! Hulle word genoem die draer (*pilaar*) en beskermer (*fondament*) van die waarheid. Gelowiges moet funksioneer soos 'n sterk en stabiele fondament waarop met vertroue gebou kan word. 'n Pilaar is 'n stut wat die dak dra en die struktuur staande hou, maar hier eerder verwysing na die wolkkolom (die heerlikheid en teenwoordigheid van God), wat in die tempel van Salomo tuisgekom het. Lidmate, óns, is die manier waarop die teenwoordigheid en heerlikheid van God in die wêreld realiseer! Óns is waar God te vinde is!

Hoe is dit moontlik? Dit is 'n misterie (vers 16), iets wat nie verklaar kan word nie, maar waaroor mense verwonderd staan. Dit is nie iets wat ons regkry nie. Hierdie misterie word verduidelik met 'n baie ou gesang (dalk 'n Nagmaalgesang), 'n belydenis oor die *waarheid* van Jesus en die kerk. Telkens wissel hemel en aarde mekaar af: Jesus het mens geword (aarde), met sy opstanding het die Gees sy onskuld bevestig (hemel), Hy verskyn aan die engele (heers oor hemel), Hy is verkondig aan die heidene (aarde) en is in die hele wêreld geglo (aarde) en opgeneem in heerlikheid (hemelvaart). Die gesang begin met die aarde en eindig met die hemel. Die oorkruis-struktuur beklemtoon die misterie, die waarheid dat met Jesus, hemel en aarde, God en mense by mekaar uitgekom het. Die kerk of gemeente wat Jesus as Here bely, is waar dit realiseer. Jesus die Heer bring God teenwoordig by ons, sodat ons die plek word waar God te vinde is, waar mense God kan ontmoet!

Daarmee word geïmpliseer dat die tempelmetafoor eintlik 'n nog onvoltooide werk voorstel. Nog net die fondasie is gelê. Tog is die lewende God met al sy heerlikheid teenwoordig. Dit beteken dat God óp ons as fondament en mét ons deur wie God teenwoordig is, die bouwerk wil voortsit. Verkondiging aan die gemeente is onontbeerlik om die fondasie kragtig te hou, maar verkondiging aan mense buite die kerk is die bouwerk!

Vir dekades neem die lidmaattal van die Hervormde Kerk en haar susterkerke af. Dit lyk of die bouwerk agteruitgaan, of die gebou eerder afgebreek word. Die kerk sterf uit. Wat is die rede? Verkondiging na binne versterk net die fondasie. Verkondiging na buite bóú die kerk. Dalk is dit wat te min gebeur het. Dalk wou ons God net vir onsself gehou het. Dalk wou ons net ons eie geloof versterk het. Maar 'n sterk fondasie sonder bouwerk daarop is nutteloos! Mense spot met so 'n fondasie. Dit lyk of iemand nie aan die gang wil kom nie, nie wíl bou nie. **Dalk het dit tyd geword vir grondige selfondersoek, vir bekering.** En dit is steeds moontlik, omdat die lewende God ons nie verlaat het nie. Jesus waarborg: Die hemel hét by die aarde uitgekom, God hét na ons toe gekom en is stéédś by ons. Dit glo en bely ons. Maar bely is nie genoeg nie. Daar is werk voor! Kom ons pak die bouwerk aan met die verantwoordelikheid van mense wat verwonderd, oorstelp is oor die misterie dat God by ons ís, en wel SODAT God mense deur óns kan ontmoet; dat óns, jy en ek, die plek geword het waar mense God kan vind, nee: móét vind!

Dr Gert Malan, Mosselbaai

Skakels

Webblad van die Hervormde Kerk **www.nhk.co.za**
Die Hervormer **www.hervormer.co.za**
e-Hervormer **www.hervormer.co.za/e_Hervormer.html**

Indien u nie weer die *e-Hervormer* wil ontvang nie, kliek op **www.hervormer.co.za/cancel.html**

BEROEPE EN STANDPLASE

Kontak die webbladredakteur, prof Ernest van Eck, by **ernest.vaneck@up.ac.za** om vakante standplase op die Kerk se amptelike webblad by **www.nhk.co.za** te plaas. Onthou asseblief dat 'n standplaas eers vakant verklaar moet wees voordat dit geadverteer mag word. Kontak dr Fanie Pretorius by 012 322 8885 x256 in dié verband.

Ds Piet Rautenbach

Prof Ernest van Eck (links) saam met prof Theuns Dreyer

Beroep ontvang

- **Ds Piet Rautenbach** van Nkana (Zambië) na Zeerust

PREDIKANTE EN GEMEENTES

- **Dr Malan Storm**, predikant in Gemeente Meyerspark en skriba van die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering (AKV), se vader is op Vrydag 8 Oktober oorlede. Ons innige simpatie gaan aan dr Storm en sy familie. Die roudiens is verlede week in die kerkgebou van Meyerspark deur ds Louw van der Linde gelei.

- **Prof Ernest van Eck** is pas bevorder van medeprofessor tot volprofessor in Nuwe Testament aan die Universiteit van Pretoria (UP). Ons hartlike gelukwense gaan aan prof Van Eck.

- **Die volgende predikante verjaar in die komende week,** en word hartlik geluk gewens.

  - Sondag 24 Oktober: Ds Johan van Wyk (Rustenburg)
  - Maandag 25 Oktober: Prof Eddie Engelbrecht (emeritus) en ds Chris Liebenberg (Warmbad)
  - Dinsdag 26 Oktober: Di Hennie Nel (Potgietersrus) en Skip Scheepers (Middelburg)
  - Woensdag 27 Oktober: Di Kathleen Smith (Kaapstad) en Pieter Smith (Witrivier)
  - Donderdag 28 Oktober: Ds Colin Hertzog (Middelburg-Noord)
  - Vrydag 29 Oktober: Ds Freek van der Merwe (emeritus)



Ds Eksteen Botes

- **Ds Eksteen Botes**, wat tans lidmate van die Kerk en ander Afrikaanssprekende kerke in Paraguay besoek, het veilig by sy bestemming aangekom maar sonder sy bagasie. Die bagasie is later in Chili gekry. Hy moes vir etlike dae met slegs 'n tandeborsel en een ekstra stel klere klaarkom voordat sy klere hom bereik het. Gelukkig was daar baie badgeleenthede en plekke om klere te was. Die werk wat ds Botes moet doen, vorder fluks en die mense is verheug oor sy besoek.

- **Gemeente Pretoria** se **nuwe e-posadres** is **pretorianhk@telkomsa.net**.

- Op Sondag 24 Oktober vier die Kerk **Biddag vir die Gesaaides** en/of **Dankdag vir die Oes.**

- Vanaf 1 November het die **finalejaar teologiestudente** preekvergunning om in gemeentes te preek. Hul **legitimasie en beroepbaarstelling** vind in **Maart 2011** plaas. Gemeentes kan die studente by die volgende nommers kontak.

  - Maritza Botha 079 154 4154
  - Yolandé Benadé 082 410 0092
  - Petrus Dreyer 082 453 8094
  - Tiaan Loedolff 073 529 1538
  - Annezel Otto 084 816 4037
  - Pieter Rossouw 083 379 8287

- Lisa-Mari Swanepoel 083 943 4561
- Wouter van Wyk 072 225 7986



- Die bundel ***Nuwe Liedere 1*** met 29 nuwe liedere word uitgegee deur die Instituut vir Kerkmusiek in Suid-Afrika (IKSA). Gemeentes kan bestellings namens hul lidmate plaas by **kerkmusiek@nhk.co.za** of **konteks@nhk.co.za**.
  - Gedrukte boekies: R15 elk, R10 elk vir bestellings van 100 of meer.
  - Begeleiersboek vir orrelis (A4-formaat, geringbind vir praktiese gebruik by orrel): R35.
  - CD vir elektroniese projektering: R30.
  - Posgeld en verpakking word bygevoeg na gelang van grootte van die posstuk.
  - Slegs betaalde bestellings word uitgevoer.

- **Notule 5 van die 69ste AKV** word hierdie week aan gemeentes per e-pos gestuur en op die webblad geplaas. Die notule sal ook deur die Kommissie van die AKV by sy vergadering op 11 November behandel word. Afgevaardigdes en predikante wat die vergadering bygewoon het, word versoek om die korreksies wat aan die notule aangebring moet word asseblief op skrif te stel en so gou moontlik, **nie later nie as 15 Desember 2010**, aan die sekretaris van die Kommissie te stuur. Die notule word voorlopig deur die Kommissie goedgekeur. Indien daar ernstige verskilpunte bestaan ten opsigte van besluite, sal dit eers in Maart 2011 finaal goedgekeur kan word, tensy die Kommissie vroeg in die nuwe jaar 'n buitengewone vergadering hou. Indien daar nie ernstige verskille met die geformuleerde besluite na vore kom nie, sal die Moderamen die saak afhandel sodat die **Besluitebundel** gefinaliseer kan word.

- Gemeentes word vriendelik versoek om hul jaarlikse bydrae aan die **Bybelgenootskap** (die mikpunt is **R33 per belydende lidmaat**) voor die einde van die Bybelgenootskap se huidige boekjaar (31 Oktober 2010) aan die Bybelgenootskap oor te betaal. Die versoek is dat bydraes asseblief **vóór of op 27 Oktober** inbetaal sal word sodat dit betyds ontvang kan word. Selfs elektroniese oorbetalings word soms eers 'n paar dae daarna, as dit 'n ander bank as ABSA is, deur die Bybelgenootskap ontvang. Aangesien **Hervormingsondag** vanjaar op 31 Oktober val, sal die erediensoffergawes nie oorbetaal kan word om die Bybelgenootskap betyds te bereik nie. Gevolglik is die versoek dat die erediensoffergawes van Hervormingsondag in November oorbetaal sal word. Dit word dan gemeentes se eerste bydrae vir die nuwe boekjaar van die Bybelgenootskap.

- **Gemeente Philadelphia** het **vakante studentebehuising** op hul kerkterrein. Dit is sowat 100 m vanaf UP se Lunnonweg-ingang. Dit is 'n kommune van 10 inwoners wat 'n kombuis en twee badkamers deel. Die groot kamers se huur beloop R2 450 per maand en die kleiner kamers se huur beloop R1 950 per maand. Hulle verkies huurders wat studeer aan UP en wat by die gemeente sal inskakel as lidmate. Die behuising is baie goed en goedkoop in vergelyking met soortgelyke behuising wat so naby aan die universiteit is. Die gemeente wil graag die kamers voor einde November vul. Belangstellendes kan met Esme Bolton praat by 012 362 7237 op weeksdae tussen 08:30 en 13:30, of met Rue Hopley by 083 669 3060 (enige tyd).

Spesiale eredienste en feesnaweke

- **Gemeente Belfast: 29-31 Oktober**
  Viering van 75-jarige bestaan. tema *Van toeka tot nou*
  Gedenkblad/CD/DVD word uitgegee en 'n hoeksteen onthul
  Vrydagaand Nianell, Saterdag fees, Sondag Nagmaal met manelpakke, strikdasse en kappies
  Kontak **faniehoff@telkomsa.net** of **martinras@telkomsa.net**

Konserte en dames- en mannebyeenkomste

- **Sondag 31 Oktober: Gemeente Kempton Park-Oos Onbeskaamd**
  R25 per persoon
  Groepe van 20 of meer, R20 per persoon
  Kontak Anneline by 082 924 7344 om te bespreek

Sportbyeenkomste en -kompetisies

- **Gemeente Premiermyn: Hengelkompetisie Saterdag 23 Oktober**
  06:00 tot 16:00 by Bronkies-natuurreservaat
  R120 per hengelaar, familielede R15 per persoon toegang
  1ste prys vir swaarste karp – 1 karaat diamant
  2de en 3de pryse vir swaarste baber, ook baie trekkings
  Kontak Johan by 084 519 5598 of Alta by 082 682 1252

- **Gemeente Louis Trichardt: Hengelkompetisie**
  Saterdag 30 Oktober
  Stubb en Mons-plaas in Mopaniedistrik; akkommodasie beskikbaar
  1ste tot 3de pryse vir elke spesie in senior- en juniorafdelings, ander pryse ook
  Hengel vir baber, baars, karp en kurper in drie damme
  Motorbote toelaatbaar op grootste dam
  Bote met baarsmotors en kano's op kleiner damme
  R100 per deelnemende volwassene, R50 per deelnemende kind
  R30 per nie-deelnemer.
  Kontak ds Phillip Horn by 015 516 0550, 084 209 5189
  of **skaterkalant@vodamail.co.za**

- **Gemeente Hartebeeshoek: Lenteloop Saterdag 30 Oktober**
  Fonteinedal
  Hekke open om 06:00 (toegang gratis), stap begin om 07:00
  5 km @ R20, 10 km @ R25, kinders onder 5 jaar gratis
  Gehoorsame honde op leibande ook welkom!
  3 gelukstrekkings van R500 kontant elk
  Slaan 'n gholfballetjie in die gaatjie en wen 'n gholfstel

- **Gemeente Bronkhorstspruit: Karp-hengelkompetisie**
  Saterdag 13 November
  04:00 tot 16:00
  By Vlooikopdam (privaatdam – bring eie eet- en drinkgoed saam)
  R90 per hengelaar met 2 stokke
  1ste prys slagos; 2de prys R1 000; 3de prys R500
  Slegs oewerhengel – aasbootjies word toegelaat
  Navrae aan Achom Prinsloo by 072 345 2025

- **Gemeente Oudtshoorn: Gholfdag Saterdag 4 Desember**
  Oudtshoorn-gholfbaan
  R1 200 per 4-bal, R300 per persoon, borge welkom
  Kontak ds Monja-Lize van Belkum by 082 786 5752

Ander kompetisies en fondsinsamelings

- **Gemeente Oudtshoorn: Modeparade Saterdag 23 Oktober**
  Kyk hoe lyk my hoed!
  In kerksaal van die gemeente
  R50 per persoon (sluit tee en verversings in)
  Kontak ds Monja-Lize van Belkum by 082 786 5752

- **Gemeente Pretoria-Wes: Vleisprojek**
  Wors wat in Swartruggens gemaak is teen ±R40 per kg
  Maalvleis en wors ook teen R20 per pakkie beskikbaar
  Kontak Lettie Walker by 012 327 2323

Basaars en markte

- **Maandag 25 tot Saterdag 30 Oktober: Gemeente Trichardtsfontein Kersmark**
  Saal Trichardtsfontein 09:00 tot 19:00
  Toegang gratis
  Besoek ook die Teetuin

- **Vrydag 29 Oktober: Gemeente Piet Retief Kunsmark**
  14:00 tot 20:00
  Uitstalruimte beskikbaar
  Bespreek by Hybrecht Dupper, 083 291 8381 of **dupperb@lantic.net**

- **Saterdag 30 Oktober: Gemeente Zwartruggens Oesfees**
  Christenfees met 'n boodskap! (Kyk ook hul advertensie op bladsy 7)
  Kontak Chris Steinmann (Feesvoorsitter) by 079 715 4141

- **Saterdag 30 Oktober: Dora Theo-gemeente in Kimberley Plaaswerfbasaar**
  Langs Game op die Kaapse pad
  Kontak ds Hennie Pretorius by 082 374 2398

- **Saterdag 30 Oktober: Gemeente Johannesburg-Wes Boerebasaar**
  Vanaf 08:00 in Tenbystraat, Westdene
  Wen 'n week by Klein Kariba of Buffelspoort
  Huur 'n tafel vir R150 en verkoop jou eie produk – wins is joune
  Teikenskiet, springkastele en waterglybaan
  Heerlike eetgoed
  Navrae aan Rentia by 083 271 1563

- **Saterdag 30 Oktober vanaf 09:00: Gemeente Rooihuiskraal Kersmark**
  Hv Santie- en Konstantynstraat, The Reeds
  Uitstallers welkom teen R100 per tafel
  Kontak Marlize Albertyn by 083 312 7610 om te bespreek

- **Saterdag 30 Oktober: Gemeente Piet Potgieter (Potgietersrus) Kersmark**
  Maandeliks ook superwors te koop
  Koop geskenke en kuier in die Bosveld
  Skakel 015 491 6310 of 082 821 6873

- **Saterdag 30 Oktober: Gemeente Wonderboompoort Wonder-Kersmark**
  09:00 tot 15:00, hv Mansfieldlaan en Eloffstraat, Eloffsdal
  Uitstallers R50, wins is joune
  Bespreek by 082 733 3951 of **cjdb@vodamail.co.za**

- **Vrydag 5 en Saterdag 6 November: Gemeente Waterberg (Nylstroom) Kersmark**
  Vanaf 07:00 by die gemeentesentrum
  Kontak Ina Lategan by 014 717 3355 of **hervormwaterb@telkomsa.net**

- **Saterdag 6 November: NHSV Warmbad Kersmark**
  07:00 tot 12:00, kerksaal in Ludorfstraat, Warmbad
  Stalletjies R30
  Kontak Suzi van Dyk by 083 310 4943 of **thysan@telkomsa.net**

- **Woensdag 1 tot Saterdag 4 Desember: Gemeente Bergsig Kersmark**
  Huur ’n stalletjie teen R50 plus 10% van die verkope per stalletjie
  Skryf in vir die potjiekoskompetisie teen R20 elk
  Kontak Marie by 082 402 4170

- **Saterdag 4 Desember: Doulos Gemeenskapsprojek**
  Kersfunksie by Silwer Valke Rugbyklub
  Hv Pretoria- en Roestoffstraat, Silverton
  Hulp benodig vir maak van potjiekos vir 2 000 mense
  Borge ook welkom
  Kontak Hans Janse van Rensburg by 083 269 7082
  of Heleen Huyser by 082 443 8874 of **Heleen.Huyser@postoffice.co.za**

- **Donderdag 16 tot Sondag 19 Desember: Gemeente Wesmoot Kersmark**
  Makro Wonderboom se parkeerterrein
  Staanplekke is 3 x 4 m, koste per dag R150, R500 vir vier dae
  Kontak ds Fanie Beukes by 073 167 1183

- **Saterdag 29 Januarie 2011: Gemeente Nelspruit Maroelafees**
  Vanaf 08:00 by Nelspruit Rugbyklub
  Toegang (sluit glas tuisgemaakte maroelasap in) R20 per volwassene/ hoërskoolkind, R10 per laerskoolkind, gratis vir voorskoolse kleuters
  Kontak gemeentelike kerkkantoor by 013 741 1455

ANDER NUUS



- **Individue** wat die ***Almanak/Bybelse Dagboek*** **van 2011** bestel, moet tjeks uitmaak aan die Raad van Finansies, en nie aan bepaalde persone of aan SENTIK nie. Bestel asseblief so gou moontlik en verkieslik voor die einde van Oktober, teen R100 per eksemplaar. Kontak mev Susann van Zyl van die SENTIK-boekwinkel by 012 322 8885 x291, faks 012 322 7906 of **sentik@nhk.co.za**. Die bankbesonderhede vir direkte inbetalings is Raad van Finansies, ABSA, tjekrekening nommer 020 000 287, takkode 632 005, verwysing ALMANAK.

- Die **Dokkies Opvoedkundige Trust** sal **finansiële steun** oorweeg aan geselekteerde voornemende studente vir opleiding as **onderwysers**, vir indiensopleiding en verdere opleiding van gekwalifiseerde onderwysers, en vir geselekteerde, goedgekeurde opvoedkundige projekte. Voornemende aansoekers kan by Die Sekretaris, Dokkies Opvoedkundige Trust, Privaatsak X01, Umbilo 4075 aansoek doen om ’n prospektus. ’n Geadresseerde, gefrankeerde DLB-grootte koevert (± 210 x 99 mm) moet die aansoek vergesel. Aansoekers kan ook ’n e-posadres verskaf, of die webblad **www.dokkiestrust.za.org** besoek. Aansoeke vir 2011 sluit op **30 Oktober 2010**.

- Die **Transoranje Skool vir Dowes** hou van **26 November tot 5 Desember Kersmark** by die Pretoria-skougronde, Saal L, ingang Kerkstraat. Ondersteun hulle gerus!

- Ondersteun **Beeld-Kinderfonds** en wen ’n Peugeot 207 Urban 1.4 5-deur ter waarde van R159 355. Die kompetisie sluit op 7 November. SMS **PEUGEOT** na **32541** teen R25 per SMS, of koop kaartjies deur die geld in te betaal in Beeld-Kinderfonds se bankrekening by ABSA, rekening nommer 405 065 4867, verwysing jou naam en van. Stuur bewys van betaling saam met jou naam, van, posadres en kontaknommers na **info@beeldkinderfonds.co.za** of faks dit na 086 623 4155; die kaartjies sal gepos word. Meer as 10 000 kinders word jaarliks gehelp deur noodleniging, onderwys, opleiding en lewensverryking. Onthou, bydraes aan Beeld-Kinderfonds is belastingaftrekbaar!

- Kursusse oor egskeiding, bemiddeling en hoe om die stem van die kind te hoor met inagneming van die nuwe Kinderwet in Suid-Afrika word van **25 tot 30 Oktober** by **Gemeente Philadelphia** in Hillcrest, Pretoria, aangebied. Kontak dr Sussa van Staden by 012 460 4115 of 082 789 8771, of dr Mathilda Smit by 021 855 2732, 082 923 3656 of **mathildasmit@mweb.co.za**. Besoek gerus die webwerf by **www.mathildasmit.co.za**.

- Die **volgende vergadering** vind in die komende week plaas. Betrokkenes moet hulself asseblief vergewis van die korrekte vergadertyd en lokaal.

  - Vrydag 22 Oktober: Finkom van Die Ondersteuningsraad

  Die **redaksie van *Die Hervormer*** vergader nie soos beplan is op Donderdag 28 Oktober nie, maar wel op **Donderdag 4 November**.

ADVERTENSIES

GEMEENTE ZWARTRUGGENS OESFEES
Saterdag 30 Oktober van 09:00 af
Gaskunstenaar Elzabi Buek
Mnr en Mej Oesfees in 3 ouderdomsgroepe
Kontak Retha by 083 645 5955 om in te skryf
Kuier by die kospotte, deel in die pret
Kontak Nantes by 083 263 2469, Chris by 079 715 4141 of Christa by 014 544 0151

Advertensies waarvan 'n private individu of instansie die begunstigde is, of waarin 'n gemeente uitgebreide inligting oor 'n projek wil bekendstel, kan in die ***e-Hervormer*** geplaas word, teen **R114 per plasing**. Die teks moet saam met die bewys van betaling gestuur word aan mev Tessa Oppermann, per e-pos na **produksie@nhk.co.za**, of per faks na 086 633 4059 of 012 322 7906. GEEN advertensie sal geplaas word sonder dié bewys nie. Die verskuldigde bedrag moet uitgemaak word aan: Raad van Finansies; ABSA; tjekrekening nommer 020 000 287; takkode 632 005; **verwysing:** u naam + **e-Hervormer Ads.** Kontak mev Oppermann vir meer inligting.

AGTERBLAD

Die uitdagings vir die Kerk lê voor ons

Die Hervormer **van November 2010 is tans by die drukkers, en behoort binne 'n week beskikbaar te wees.**

Dr Daan van Wyk (jr), nuwe voorsitter van die Kommissie van die AKV, skryf oor 'n goeie vergadering wat nie sonder verrassings en selfs skokke was nie. Elke lidmaat in die Hervormde Kerk is geregtig op sy of haar eie siening, maar nou is dit tyd dat ons aanbeweeg. Ons moet mekaar opnuut oproep om mekaar se standpunte te respekteer en die diversiteit te bestuur. Die Hervormde Kerk behoort nou die boeke oor apartheid toe te maak. As die Kerk in 2001 al kon sê dat skuldbelydenis toe, byna 10 jaar die nuwe bedeling in, mosterd na die maal was, hoeveel te meer is die huidige besinning en spanning, nou al 20 jaar die nuwe bedeling in, dan nie? Enorme uitdagings vir kerkwees in die huidige tydsgewrig lê voor ons, nie agter ons nie. Ons verstaan van ons roeping, ons energie, geld en tyd behoort daar in te gaan.

Die fotobeeld op die middelblad vertel die verhaal van die 69ste AKV verder. Lees ook ds Stephen de Beer se oordenking oor ons reis na Betlehem in die Adventtyd, en dr Johann Beukes se aangrypende rede tydens die dagopening op 30 September by die AKV.

Die Hervormer kos in 2011 R90 vir 11 uitgawes. Kontak mev Susann van Zyl van SENTIK by 012 322 8885 x291, faks 012 322 7906 of **sentik@nhk.co.za** om in te teken. Besoek ook die webblad by **www.hervormer.co.za** en kyk terug op die inhoud van *Die Hervormer* sedert die Januarie/Februarie 2008-uitgawe. Lees ook al die uitgawes van die *e-Hervormer* sedert die eerste uitgawe van 14 Februarie 2008.

Daar is ook 'n drukkersvriendelike weergawe (sonder foto's) van hierdie nuusbrief beskikbaar, wat vandeesweek 229 kilogrepe groot is. Vind die drukkersvriendelike weergawe by **www.hervormer.co.za**, of stuur 'n versoek na **karen@nhk.co.za** om dit weekliks te ontvang.

Redakteur: Dr Gerhard Lindeque
Subredakteur: Dr André Ungerer
Kerknuus: Dr Fanie Pretorius
Teksversorger: Mev Tessa Oppermann
Uitlegkunstenaar: Mej Izelle Marx